basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GESKIEDENIS

# EKSAMENRIGLYNE

# SENIOR SERTIFIKAAT (SS)

## GRAAD 12

## 2015

**Hierdie riglyne bestaan uit 10 bladsye.**

## INHOUDSOPGAWE

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING | 3 |
| 2. | ASSESSERING GRAAD 12 | 4 |
| | VOORGESKREWE ONDERWERPE | 5 |
| 3. | ASSESSERING VAN BRONGEBASEERDE VRAE | 7 |
| 4. | ASSESSERING VAN OPSTELVRAE | 8 |
| 5. | SLOT | 10 |

## 1. INLEIDING

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Geskiedenis beskryf die aard en doel van die vak Geskiedenis. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Seniorsertifikaat (SS) -eksamen in Geskiedenis geassesseer gaan word.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

- 'n Samevatting van vakke vir die Senior Sertifikaat
- Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings vir alle goedgekeurde vakke

## 2. ASSESSERING IN GRAAD 12

Assessering in die VOO-fase bestaan uit opstel- en brongebaseerde vrae.

Die struktuur van die eksamenvraestelle is soos volg:

- In eksamen word van kandidate verwag om **TWEE** vraestelle van **3 uur** elk te skryf. Albei vraestelle bestaan uit 'n AFDELING A en AFDELING B.

- AFDELING A bestaan uit DRIE (3) brongebaseerde vrae. Kandidate moet ten minste **EEN BRONGEBASEERDE** vraag in elke vraestel beantwoord.

- AFDELING B bestaan uit DRIE (3) opstelvrae. Daar word van kandidate verwag om ten minste **EEN OPSTEL-**vraag in elke vraestel te beantwoord.

- Altesaam word daar van kandidate verwag om **DRIE** vrae te beantwoord wat soos volg is:

  EEN (1) brongebaseerde vraag en EEN (1) opstelvraag. Die derde vraag kan of 'n brongebaseerde of 'n opstelvraag wees. Opstel- en brongebaseerde vrae tel 50 punte elk.

- Die totaal vir elke vraestel is 150.

Die voorgeskrewe onderwerpe sal soos volg geassesseer word:

| **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**<br><br>**VRAESTEL 1**<br>**(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)** | **AFDELING B: OPSTELVRAE**<br><br>**VRAESTEL 1**<br>**(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)** |
|---|---|
| 1. **Die Koue Oorlog**:<br><br><u>Vraagfokus</u>: Die oorsprong van die Koue Oorlog (2014–2016)<br>• USSR en VSA en die vorming van belangesfere<br>• Wie moet die blaam dra vir die Koue Oorlog?<br><u>Vraagfokus</u>: Die Kubaanse Missielkrisis (2017—2019) | 1. **Uitbreiding van die Koue Oorlog**:<br><br><u>Vraagfokus</u>:<br>Gevallestudie: Viëtnam (2014–2016)<br><br>Gevallestudie: China (2017–2019) |
| 2. **Onafhanklike Afrika**<br><br><u>Vraagfokus</u>: Afrika gedurende die Koue Oorlog:<br>Gevallestudie: Angola | 2. **Onafhanklike Afrika**<br><br><u>Vraagfokus</u> : Vergelykende gevallestudies van die Kongo en Tanzanië<br><br>Suksesse en uitdagings<br>• Politieke en Ekonomiese (2014–2016)<br>• Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele (2017–2019) |
| 3. **Burgerlike samelewingsprotes 1950's tot 1970's**<br><br><u>Vraagfokus</u>: Die VSA Burgerregtebeweging (2014–2016)<br><br>Swartmagbeweging (2017–2019) | 3. **Burgerlike samelewingsprotes 1950's tot 1970's**<br><br><u>Vraagfokus</u>: Swartmagbeweging (2014–2016)<br><br>Die VSA Burgerregtebeweging (2017–2019) |
| **VRAESTEL 2**<br>**(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)** | **VRAESTEL 2**<br>**(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)** |
| 1. **Burgerlike protes in Suid-Afrika: 1970's en 1980's**<br><br><u>Vraagfokus</u>: Swart Bewussyn daag die apartheidstaat uit<br>(2014–2016) | 1. **Burgerlike Samelewingsprotes in Suid-Afrika 1970's en 1980's**<br><br><u>Vraagfokus</u>: Die krisis van apartheid in die 1980's (2014–2016)<br>• Regeringspoging om apartheid te hervorm<br>• Interne weerstand<br><u>Vraagfokus</u>: Die krisis van apartheid in die 1980's (2017–2019)<br>• Internasionale reaksie<br>• Die begin van die einde |

| | |
|---|---|
| 2. **Die koms van demokrasie na Suid-Afrika en die aanvaarding van die verlede**<br><br><u>Vraagfokus</u>: Die WVK | 2. **Die koms van demokrasie na Suid-Afrika en die aanvaarding van die verlede**<br><br><u>Vraagfokus</u>: Die onderhandelde ooreenkoms en die RNE |
| 3. **Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde 1989 tot die hede**<br><br><u>Vraagfokus</u>: 'n Nuwe wêreldorde (2014–2016)<br>• Wat is globalisasie?<br>• Magsbalans en impak op Afrika: Noord-Suid en Suid-Suid-betrekkinge<br>• Dominansie van globale kapitalisme<br>• Opkomende ekonomieë en verskillende vorme van kapitalisme: BRICS<br><br><u>Vraagfokus</u>: 'n Nuwe wêreldorde (2017–2019)<br><br>• Wat is globalisasie?<br>• Suid-Afrika se sukses met die vermyding van openlike burgeroorlog en President Mandela se beleid van versoening<br>• Reaksie op globalisering | 3. **Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde**<br><br><u>Vraagfokus</u>: Die einde van die Koue Oorlog: Die gebeure van 1989 (2014–2016)<br>• Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie<br>• 'n Keerpunt in Suid-Afrika<br><br><u>Vraagfokus</u>: Die einde van die Koue Oorlog: Die gebeure van 1989 (2017–2019)<br><br>• Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie<br>• Oos-Europa<br>• Die disintegrasie van die Sowjetunie |

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## 3. ASSESSERING VAN BRONGEBASEERDE VRAE

In die assessering van kandidate se vermoë om met historiese bronne te werk, moet kognitiewe vlakke saam die bygaande historiese vaardighede en die gewigstoekenning van vrae in aanmerking geneem word. Die volgende tabel toon 'n uitbreiding hiervan.

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

In die assessering van brongebaseerde vrae moet die volgende in berekening gebring word met betrekking tot die **kognitiewe vlakke** en die **bewoording van tipiese vrae**:

- **Alle Vlak 1**-tipe vrae vereis van kandidate om inligting uit bronne te onttrek en om historiese konsepte te definieer. Hierdie vrae sal 'n maksimum van 2 punte tel. Werkwoorde wat gebruik sal word om brongebaseerde vrae te stel sal saam met ander insluit, lys, haal aan, identifiseer, benoem. Tipiese vrae kan byvoorbeeld gestel word soos: Watter inligting in die bron vertel oor ...? Haal VIER redes aan waarom ... Wat verstaan jy onder die begrip ...?
- **Alle Vlak 2**-vrae vereis van kandidate om te interpreteer, analiseer en om te gaan met bewyse uit die bronne. Hierdie vrae sal 'n maksimum van tussen 4 tot 6 punte tel. Werkwoorde wat gebruik sal word om brongebaseerde vrae te stel sal saam met ander insluit, verduidelik, lewer kommentaar, beskryf en organiseer inligting uit die bronne op 'n logiese wyse. Tipiese vrae kan byvoorbeeld gestel word soos: Watter boodskap dra die spotprenttekenaar oor ...? Verduidelik in jou eie woorde ... Waarom dink jy ...?

- **Alle Vlak 3**-vrae vereis van kandidate om byvoorbeeld die verskillende perspektiewe in bronne (vergelyk/kontrasteer) te verduidelik, gevolgtrekkings te maak oor die betroubaarheid en bruikbaarheid van bronne, ens. Hierdie vrae sal 'n maksimum van tussen 4 tot 8 punte tel en kan geassesseer word met 'n analitiese/holistiese rubriek. Werkwoorde wat gebruik sal word om brongebaseerde vrae te stel sal saam met ander insluit, vergelyk en kontrasteer, evalueer, assesseer, verduidelik tot watter mate jy sou saamstem/nie saamstem nie, lewer kommentaar oor die betroubaarheid van bewyse in 'n bron, verduidelik die betroubaarheid, lewer kommentaar oor die gevolge, verduidelik die beperkings, regverdig, ens. Tipiese vrae kan byvoorbeeld gestel word soos: Verduidelik tot watter mate ... Vergelyk die bewyse in albei Bronne 1A en 1B en verduidelik hoe jy verantwoording kan doen vir die verskille ... Lewer kommentaar of ...
- **Paragraaf**vrae sal tussen 6 tot 8 punte tel en sal met behulp van 'n analitiese/ holistiese rubriek geassesseer word. Vrae sal so gestel word dat van kandidate vereis sal word om vrae te beantwoord met behulp van Vlak 3-vaardighede (vergelyk/kontrasteer; eensydigheid; bruikbaarheid; betroubaarheid). Byvoorbeeld: verduidelik die rol, impak, oorsake, gevolge of betekenis of 'n spesiale historiese gebeurtenis wat verband hou met die respektiewe sleutelvraag. Tipiese vrae kan byvoorbeeld so gestel word:
  - Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf waarin jy die impak/betekenis verduidelik van ...
  - Verduidelik waarom 'n geskiedkundige die inligting in beide Bron 1A en 1B as bruikbaar beskou wanneer hy die gevolge bestudeer van ...
  - Op watter manier word die spotprenttekenaar se siening (Bron 1C) ondersteun deur die bewyse wat in die ander twee bronne voorkom ...
  - Vergelyk die bewyse in Bron 2C en 2D en verduidelik hoe die inligting in beide bronne verskil betreffende die ...
  - Verduidelik waarom 'n geskiedkundige die betroubaarheid van die bewyse in Bron 3A kan bevraagteken ...
  - Lewer kommentaar op die beperkings van Bron 3C vir 'n geskiedkundige wat … bestudeer.

## 4. ASSESSERING VAN OPSTELVRAE

In die skryf van opstelle moet kandidate hulle argument op 'n logiese en samehangende manier stel. Hulle moet relevante inligting kies, organiseer en saamvoeg sodat hulle 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument kan aanbied om die vraag te beantwoord wat gestel is. Dit is belangrik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende liggaam van bewyse en 'n slot het. In die beantwoording van opstelvrae moet 'n leerder in staat wees om:

- 'n Opstel te beplan en te struktureer
- Deeglike kennis en begrip van die onderwerp te demonstreer
- Relevante inligting uit hulle eie kennis te gebruik om die vraag te beantwoord
- 'n Relevante argumentslyn te ontwikkel en te behou
- Logies en samehangend te skryf

Tipiese vrae kan byvoorbeeld so gestel word:
'Bespreek krities ', 'Verduidelik tot watter mate…', 'Lewer kommentaar op…', 'Evalueer…', 'Assesseer…'

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. 'n Goed gebalanseerde, oorspronklike en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking is bereik uit bewyse gebruik om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante Argumentslyn is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te verkry om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking verkry uit bewyse om die argumentslyn te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik tot 'n sekere mate om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van getuienis. | Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argumentslyn vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | Poging aangewend om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te bereik nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudkeuse ten volle relevant tot die argument wat gevolg is. | 47 - 50 | 43 - 46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudkeuse relevant tot die argument wat gevolg is. | 43 - 46 | 40 - 42 | 38 - 39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant. | 38 - 39 | 36 - 37 | 34 - 35 | 30 - 33 | 28 - 29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante inhoudkeuse. | | | 30 - 33 | 28 - 29 | 26 - 27 | | |
| **VLAK 3** Inhoudkeuse hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26 - 27 | 24 - 25 | 20 - 23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal | | | | | 20 - 23 | 18 - 19 | 14 - 17 |
| **VLAK 1** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud | | | | | | 14 - 17 | 0 - 13 |

**GLOBALE ASSESSERING VAN OPSTELLE: TOTALE PUNT: 50**

Kopiereg voorbehou

## 5. SLOT

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.

Kopiereg voorbehou